



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013

GRAAD 1

AFRIKAANS HUISTAAL

EKSEMPLAAR VRAESTELLE

Hierdie boekie bestaan uit 19 bladsye, die voorblad uitgesluit.

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Hoe om die eksemplaar vraestelle te gebruik

Alhoewel die eksemplaar vraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef **die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les.** Sorgvuldig geselekteerde individuele eksemplaar vraestelle of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 1.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas testel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 1.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 1.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 1.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

2. Memorandums of nasienriglyne


'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

3. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die eksemplaar vraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het.

1.1 Kyk na die prente hieronder.


Skryf 'n letter vir die beginklank van elke prent.



.....

.....


1.2 Skryf die middelklank vir die prente hieronder.



b...s

k...t

- 1.3 Skryf die letter van die eindklank vir elke prent in die blokkies.




hon...

be...

- 2.1 Kies van die woorde in die blokkies.

Skryf die woord wat by die prent pas in die blokkie.

kar	huise	tafel
-----	-------	-------




.....

.....

2.2 Trek 'n lyn van die woord na die regte prent.

Kies van die woorde in die blokkies.





spring	klim	hardloop
--------	------	----------

2.3 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die woorde van die twee prente.

Kies uit hierdie woorde.

kat	
vark	
hoed	
koei	



Lees die storie en beantwoord die vrae.

Tumi het 'n baie slim hond. Haar naam is Max. Tumi en Max stap saam na die park toe. Max hou daarvan om met die bal te speel. Tumi skop die bal. Max blaf en hardloop na die bal. Max hardloop oor die groot klip. Sy stop net voor die skerp stok en tel die bal op.

Max is 'n slim hond. Sy weet dat sy baie seer sal kry. Tumi skop weer die bal. Max hardloop weer, en bring vir Tumi die bal. Tumi gee vir Max 'n drukkie om haar te beloon.

3.1 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Kies die beste naam vir die storie.

Tumi gaan skool toe.	
Max speel met die speelgoed.	
Tumi en haar vriende.	
Tumi en haar hond Max.	

3.1.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Die beste naam vir die storie is: *'Tumi en haar...'*

A pa

B speelgoed

C ma

D hond

3.1.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

'n Goeie naam vir die storie is *"Tumi en haar hond"*

ja	
nee	

3.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Oor wie gaan die storie?

Tumi en haar hond.	
Tumi en haar bal.	
Tumi en haar ma.	
Tumi en haar maatjie.	

3.2.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Tumi se troeteldier is 'n ...

A kat

B hond

C vark

D hen

3.2.2 Kies die korrekte woord.

Skryf dit op die lyn.

Die storie gaan oor Tumi en


Max	Matt
-----	------

3.3 Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan.

Nommer die sinne (1-3) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.





Max blaf en hardloop na die bal.	
Tumi en Max stap saam park toe.	
Tumi gee vir Max 'n drukkie.	

3.3.1 Kyk na die prente. Nummer die blokkies (1-3) om die regte volgorde van die storie aan te dui.



3.3.2 Kies die regte einde van die storie.

Skryf 'n (3) in die blokkie wat j y gekies het.

1	2	3	
			

4. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Max is slim want sy ...

spring oor die muur.	
stop voor die skerp stok.	
eet al die blomme op.	
blaf vir die bal.	

4.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Tumi skop die bal want...

- A sy is in die park.
- B sy kan hard gooi.
- C Max hou daarvan om met die bal te speel.
- D dit is tyd om huis toe te gaan.

4.2 Trek 'n lyn om die sin te voltooi.

Max is 'n slim hond want...

sy is gelukkig.

sy is honger.

sy weet sy sal seer kry.

sy is lief vir Tumi.

5.1 Gebruik van die letters om 'n woord te bou vir die prent.

l	t	r	a	k	b
---	---	---	---	---	---




.....

5.2 Skryf die letters in die korrekte woordorde om 'n woord te maak.

Skryf die woord op die lyn.


ept

.....







5.3 Skryf die woord op die lyn.


Dit is 'n




6. Omkring die letter bo die langste been.

A	B	C	D
			

6.1 Omkring die langste boom.




6.2 Teken die grootste roomys.



7.1 Vul die klank wat weggelaat is in op die lyn onder die prent.

sk	fl	kl	st
----	----	----	----




.....oel




.....yfies

- 7.2 Vul die klank wat weggelaat is in om die woorde te voltooi.




.....ap



.....om

- 7.3 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die klanke vir die twee prente.

dr	
st	
vl	
bl	



...ag



...uiwe

- 8.1 Skryf die sin oor. Gebruik 'n hoofletter en 'n punt.

die vriende stap park toe

.....

8.2 Omkring die hoofletter en die punt in die sin.
Die seuns en dogters hou daarvan om te speel.

8.3 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die sin met die hoofletter en die punt.

Jabu hardloop vinning.	
j abu hardloop vinning	

9.1 'n Selfstandige naamwoord dui die naam van iets aan.
Kies die korrekte selfstandige naamwoord om die sin te voltooi.

potlood	boek	kryt	pen
---------	------	------	-----

Die kinders hou daarvan om 'n te lees.

9.2 'n Selfstandige naamwoord dui die naam van iets aan.

Maak 'n kruisie (x) langs die korrekte selfstandige naamwoord.



Die kind hou daarvan om 'n te eet.

melk	
sap	
lekker	
water	

9.3 'n Selfstandige naamwoord dui die naam van iets aan.

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

My hou daarvan om te lees.

A spring

B skryf

C stap

D ouma

9.4 'n Selfstandige naamwoord dui die naam van iets aan.


Omkring die selfstandige naamwoord in die sin.

Bongi lees boeke.

10.1 Skryf die sinne.

10.1.1 Skryf die woorde in die korrekte woordorde om 'n sin te maak.

hond	vinnig.	Die	hardloop
------	---------	-----	----------



10.1.2 Gebruik die woorde en maak 'n sin.

Mpho vriende en beste Thabo is


10.1.3 Trek lyne van die woorde in die blokkies wat pas met die woorde in die sin.

groen	is	padda	Die
-------	----	-------	-----

Die padda is groen.

10.2 Kyk na die prent.

10.2.1 Skryf ten minste twee sinne oor die prent.



.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

10.2.2

Kyk na die prent. Skryf 2 sinne oor die prent.



.....

.....

.....

.....

.....

.....


.....

.....

.....

10.2.3

Kyk na die prent. Skryf 2 sinne oor die prent.



.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....